
WAG
op die Here
Psalm 130

# Psalm 130

1 'n Pelgrimslied.
Uit die dieptes roep ek na U, Here,
2 luister tog na my, Here,
hoor tog my hulpgeroep.
3 As U ons sondes in aanmerking sou neem, Here,
wie sou dan nog bestaan?
4 Maar by U ís daar vergifnis:
daarom word U steeds gedien.

# Psalm 130

5 Ek stel my vertroue in die Here, ek vertrou op Hom,
ek wag op die vervulling van sy woord.
6 Ek wag op die Here
meer as wat die wagte op die môre wag,
wagte op die môre.

# Psalm 130

7 Wag op die Here, Israel,
want by die Here is daar troue liefde,
by Hom is die verlossing seker.
8 Hy alleen sal Israel verlos
van al sy sondes.

# Psalm 130 OAV

1 'n BEDEVAARTSLIED.
Uit die dieptes roep ek U aan, o Here !
2 Here, hoor na my stem; laat u ore luister na die
stem van my smekinge.
3 As U, Here , die ongeregtighede in gedagtenis
hou, Here, wie sal bestaan?
4 Maar by U is vergewing, dat U gevrees mag word.
'

# Psalm 130 OAV

5 Ek wag op die Here; my siel wag, en ek hoop op
sy woord.
6 My siel wag op die Here meer as wagters op die
môre, wagters op die môre.

# Psalm 130 OAV

7 Wag op die Here, o Israel! want by die Here is die
goedertierenheid, en by Hom is daar veel
verlossing;
8 en Hy self sal Israel verlos van al sy
ongeregtighede.




Uit die dieptes…


’n Uitroep met ’n adres

# Nie uit verdienste nie



# Daarom word U gedien




WAG


WAG
op die Here


Wagters
op die môre


Troue liefde
en "sekere verlossing"


Geduld...

# Jesaja 53:1-7

1 Wie sal ons glo as ons hiervan vertel?
Wie sal die mag van die Here hierin kan raaksien?
2 Die dienaar was soos 'n loot wat voor die Here
uitspruit, soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond.
Hy het nie skoonheid of prag gehad
dat ons na hom sou kyk nie,
nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie.

# Jesaja 53:1-7

3 Hy was verag en deur die mense verstoot,
'n man van lyding wat pyn geken het,
iemand vir wie die mense die gesig wegdraai.
Hy was verag, ons het hom nie gereken nie.
4 Tog het hy óns lyding op hom geneem,
óns siektes het hy gedra.
Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word,
wat deur God geslaan en gepynig word.

# Jesaja 53:1-7

5Oor óns oortredings is hy deurboor,
oor óns sondes is hy verbrysel;
die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom,
deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.
6Ons het almal gedwaal soos skape,
ons het elkeen sy eie pad geloop,
maar die Here het ons almal se sonde op hom laat
afkom.

# Jesaja 53:1-7

7 Hy is mishandel, *maar hy het geduldig gebly,*
hy het nie gekla nie.
Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word
en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word,
het hy nie gekla nie.


WAG
op die Here
Psalm 130